

## **Onwettige sigarette, waterpyptabak en skrootmetaal ter waarde van R40 miljoen gekonfiskeer**

**Tshwane, 10 Desember 2021** - Die doeane-afdeling van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), het met die gebruik van moderne risiko-bespeuringstelsels en in samewerking met ander wetstoepassingagentskappe, onwettige sigarette, waterpyptabak en skrootmetaal gekonfiskeer, met 'n totale verlies van R40 miljoen aan SARS.

Die onwettige sigarette is by die Durbanse hawe nagespoor, met 'n waarde van R35 miljoen, en in Polokwane, met 'n waarde van R3 miljoen. 'n Besending van onwettige skrootmetaal, met 'n doeane-waarde van R160 000, is ook in Polokwane teruggehou.

Die 432 bokse waterpyptabak, ter waarde van R2 miljoen, is by City Deep nagespoor en is as suikermolasse verklaar, in pakhuis vir uitvoer na Malawi. Inligting het egter aangedui dat die tabak vir verspreiding op plaaslike mark bedoel was.

Eenhede van die SARS Doeane en Onwettige Handeldryfafdelings, het die operasies uitgevoer met behulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke).

Die beslaglegging van die onwettige sigarette by Durbanse hawe het plaasgevind nadat SARS sy moderne risiko- en teikenstelsels gebruik het om besendings na te spoor wat ingevoer word deur herhaal-oortreders. Die besendings is valslik verklaar as keramiekbekers en kleefband.

Die besending het bestaan uit drie laaikiste wat 1 800 meesterkaste RG-sigarette en 1 245 meesterkaste buitelandse handelsmerke bevat het wat nie geregistreer is vir verkoop in Suid-Afrika nie.

In Polokwane, het die SAPD 'n trok met sigarette onderskep en SARS-beamptes in kennis gestel. Die Onwettige Handeldryfeenheid van SARS het die trok deursoek en 276 bokse Remington Gold sigarette gevind, met geen SA-diamondstempel nie, ter waarde van R3 miljoen.

Die beamptes het ook binne die trok 'n besending skrootmetaal gevind met 'n doeane-waarde van R160 000. Die trok het die land by die Beitrugse grenspos binnegekom. Vier verdagtes is aangekeer.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat invoerders en uitvoerders van onwettige produkte moet kennis neem dat SARS gemoderniseerde stelsels gebruik vir risiko-identifisering en die identifisering van verdagte vrag.

"Die gebruik van die nuutste tegnologie, grootdata, algoritmes en masjienkennis om nienakoming na te spoor en af te skrik, is een van ons strategiese oogmerke en vorm deel van ons missie om 'n slim, moderne SARS te bou wat bewonder en vertrou word. Ons strewe heens vrywillige nakoming, maar sal streng optree teen moedswillige nienakoming en kriminele bedrywighede," het mnr. Kieswetter bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za).